DAG 8

As jy na die lewende water smag

Lees Psalm 42.

Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God (v. 2).

'n Mens wat dors is, is 'n soekende mens. Hy word gedryf deur die begeerte om vloeistof in te neem, want daarvan moet hy lewe.

Baie mense word geleidelik dors, maar kom dit eers agter wanneer hulle liggaam duidelik begin te kenne gee dat water nodig is om te oorleef. Ons is soms so besig dat ons nie agterkom dat ons leeg gedreineer word nie. Dan het ons behoefte aan die water van God se ewige heil.

Dit is oor hierdie dors dat die Psalmdigter skryf. Niks anders as net die Here maak meer vir hom saak nie. In hom is daar 'n dringendheid vir die water van die lewe soos daar vir 'n wildsbok in die woestyn is as hy op soek na water is. So intens is

die digter se soeke na die Here. Sy siel wil by God uitkom.

God ontmoet mense wat smag na die lewende water. 'n Oppervlakkige, lustelose uitreik na God bring nooit die lafenis waarna die mens in sy diepste wese smag nie. Waar jy met totale oorgawe na die Here uitreik, laat God sy heerlikheid oor jou spoel. Jy word gelawe en staan verfris en nuut weer op. God se oë deursoek die aarde om genade te bewys aan hulle wat ten volle op Hom vertrou.

Here, dankie dat ek vandag diep kan drink van die lewende water wat U my bied.

Aantekeninge: